
’n Nes vir

# Robyn



Cené de Wit
Mariana van der Merwe

MyStories
jou eie avontuur

’n Nes vir

# Robyn


Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Cené de Wit





MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za



**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.



Robyn woon in ’n pikkewynkolonie op ’n groot ysplaat.

Bedags speel die klein pikkewyntjies op die ys terwyl die groot pikkewyne in die diepsee visvang.



Elke aand kom Robyn se mamma en pappa terug na haar.

Dan gee hulle vir haar drukkies en voer vir haar vis met hulle snawels.





Een aand kom hulle nie terug nie.

Al die ander pikkewyntjies se mammas en pappas klim uit die see en voer hulle kleintjies.

Maar nie Robyn s’n nie.

Van die groot pikkewyne kyk en beduie in haar rigting.

Sy wonder waarom. Maar niemand sê enigiets nie.

Wat sou dit beteken?

Dan hoor Robyn hulle praat oor ’n sterk seestroom wat twee groot pikkewyne vir altyd weggetrek het.

Is dit wat met haar mamma en pappa gebeur het?

Dis al na sonsak en ’n snerpende wind waai oor die ys. Groot en klein skarrel saam-saam na hulle neste.



Almal behalwe Robyn.
Haar nes is leeg en koud.
Sy voel baie alleen en haar magie grom.

“Waar is Mamma en Pappa?” fluister Robyn.

“En waar gaan ek kos kry? En wie gaan my warm hou?

Ek kan nog nie eens swem of visvang nie en my donsies is baie dun.”



Robyn kyk rond.
Dalk het iemand ’n
stukkie vis laat val?

Maar daar is niks.

En tog. Wat sien sy daar?



’n Rigtingwyser met ’n pyl en ’n tekening van ’n vissie daarop.
Wie het dit geteken? Sal sy die pyl volg? Sê nou dis gevaarlik?

Haar maag grom weer en sy besluit net daar om die pyl te volg.



Sy stap en stap en stap. Skielik snuif sy die lug.
Iets ruik heerlik. Is dit dalk vis?

Die reuk lei haar na ’n groot hoop sneeu.
Sy stop en loer om die hoop sneeu …



… en sy sien geel, rooi en oranje vlekke wat in die donkerte dans. Dis helder en warm. Is dit 'n vuur?

Daar staan 'n skottel vol vis langs die vuur. Robyn se maag grom weer.

Op haar pikkewyntone sluip sy nader.



"GRRRRRRRRR!"

'n Hond hardloop op Robyn af.

"HELP!"

Die hond maak sy bek oop en lek haar deur die gesig.



DOEF!

Robyn val om ...
op die hoop sneeu ...

... diep sak sy daarin weg.

Sy spartel, maar sy sit vas. O gonna, wat hoor sy daar?
Voetstappe? Sy loer met 'n skewe kop.



Iets vreemd kom op twee lang bene aangestap.

Is dit ’n mens?

Is mense gevaarlik?

“Wie is jy en waar kom jy vandaan?”
vra die mens met ’n diep stem.

Robyn piep benoud.

Die mens lyk vriendelik en sy mond kry dieselfde vorm as die sekelmaan bo in die lug.



“Ek verstaan,” knik hy. “Wees gerus, Robyn.
Ek weet van ’n tuiste waar jy baie gelukkig sal wees.”

Robyn se hart klop vinnig.
Wat bedoel hy?



Teen sy bors sien Robyn dieselfde vis tekening wat op die rigtingwyser was. Het hy die pyl en vissie daarop geteken?

Hy lig haar uit die sneeu, draai haar toe in 'n kombers en laai haar op 'n slee.

Dan span hy die hond in en voor hy self op die slee spring, skep hy 'n hand vol vissies uit die skottel.

**"PADKOS,"**

sê hy en hou die vissies uit na Robyn.





Die hond hardloop
met lang hale oor die sneeu met
die slee agterna in sy spore.

**“HALT!”**



Die slee stop en die mens spring af.

Versigtig tel hy Robyn uit en sit haar neer langs ’n tamaai
boggel in die sneeu. Hy vryf haar kop en spring
terug op die slee.

**“VOORWA-A-A-A-ARTS!”**



Robyn kyk hoe die slee in die verte verdwyn.
Sy wurm haarself uit die kombers uit.

Waar is sy?

Wat gaan nou gebeur?



**"HALLO,"** sê 'n stem agter haar. Robyn ruk om.

'n Wit wollerige lyf kruip kop eerste by die boggel uit.

"Ek het nog altyd gedroom van die dag dat 'n klein pikkewyn voor my deur staan," sê die stem.

"Kom in, jy is net mooi betyds vir aandete."

Robyn skuifel nader en loer in.

**“WELKOM IN ONS NES,”**

sê ’n ander massiewe, wollerige dier.





Robyn kruip in en kyk rond.
Oral blink ogies, en ronde oortjies wikkel nuuskierig rond.

Wat sou hulle wees?



“Is ... is julle ysbere?” vra Robyn.
Sy voel skielik vreeslik klein.



Die ysbere knik en stel hulleself voor.
Mamma Beer lig die deksel van 'n geurige pot wat
op die tafel staan.

"Dit ruik heerlik ... Is dit vis?" vra Robyn.



Pappa Beer knik. Gou smul almal saam.
Na ete lees Pappa Beer 'n slaaptydstorie voor en
Mamma Beer gee vir elkeen 'n nagsoen.

**OOK VIR ROBYN.**




Daarna krul Pappa Beer, Mamma Beer en
hul drie bababeertjies teen mekaar op.

Robyn steek haar gesig onder haar vlerkies weg. Wat van haar?

"Hier is vir jou ook plek," nooi Mamma Beer.





Robyn kruip tussen hulle in.

Die bere is warm en sag en dis heerlik snoesig daar tussen hulle.



“Beteken dit ek kan vir altyd by julle woon?” vra Robyn.

Mamma Beer knik.

“Vir altyd en vir ewig. Vir so lank as wat jy wil.”





Robyn gee ’n groot gaap
en haar ogies val toe.



Sy dink aan haar pikkewynmamma en haar pikkewynpappa en al haar pikkewynmaats. Sy dink aan haar nuwe beermamma en haar nuwe beerpappa en al die beerbabas by wie sy nou bly.


En dan, terwyl die sekelmaan buite waak, dink sy aan die gawe man wat haar na die bere gelei het.



Hoe het hy geweet wat sy nodig het?

Sal hy haar weer help as
sy eendag vrae het?

Sy hoop so!



Gou slaap Robyn veilig en knus in die warmste nes op die ganse ysplaat.

DIE EINDE ...



MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

Robyn is ’n klein pikkewyn.

Sy woon saam met haar familie op ‘n groot ysplaat. Op ’n dag trek ‘n sterk seestroom haar ouers vir altyd weg.

Skielik is haar nes koud en eensaam.

Daardie aand lei Robyn se pad haar na ’n gawe man. Hy weet presies wat sy nodig het en help haar om ’n wonderlike nuwe tuiste te vind.

MyStories
jou eie avontuur
www.mystories.co.za

